# Nomades Roete-terugvoer
# Rietvleidam natuur-reservaat (groep 2)

Suid-Oos Pretoria. 2-4 Junie 2017.

Dalene van Zyl, Johan Celliers, Juan Buchner, Leon van Zyl, Magda Grobler, Wilna Moolman, Marli Toerien en Loretta Roux is die 8 stappers. Die oornagfasiliteite maak net vir 8 voorsiening.

Wilna en Johan het die fotos voorsien.

Baie dankie aan Johan, Marli en Wilna.

Johan Celliers vertel : “Met groot verwagting het ons almal opgedaag by Rietvleidam vir die groot stap. Sommige met rugsakke en ander met hul bagasie. Die kort stap na die hut was nogal aangenaam met ons gids Luther wat nie veel gesê het nie. Ons moes waargeneem het en al die vrae Saterdag gevra het.

Lekker gebraai die aand by Pendoring hut met water, genoeg hout en baie gees. Saterdag het ons man Luther opgedaag en ons op die pad gelei. Heel lekker stap, ons gids nie baie spraaksaam nie. maar tog heel interessante aspekte vertel oor die reservaat en sy diere.

Baie lekker groep wat dit interessant gemaak het was dat sommige rugsak gedra het en ander nie, wat n heel ander dinamika is. Dink self die rugsak stap was heel uitdagend. Goeie 16km gestap na Protea hut waar alles baie goed was. Warm water om te stort en baie hout. Baie lekker gekuier. Bed se basis het gebreek op my by Pendoring hut maar by Protea hut was dit heel veilig en aangenaam.

Natuurlik baie diere gesien en met ons voëlkenner Leon by was dit nogal regtig interessant. Hy het heelwat interessante voëls raak gesien soos uile wat n mens moeilik sien. Renosters, Elande, Blesbokke, Zebras was heelwat en volop. Baie naby gestap aan die Eland wat nogal aangenaam was.

Baie beslis n aangename ondervinding wat my veral geraak het was die sit langs die vuur onder die baie sterre met al die liggies rondom. Kan nie glo so n juweel is nog te vind in die groot stad nie. Die geskreeu van jakkalskind was net te wonderlik.

Sondag was 5km terug motors toe, nie te vemoeiend nie maar het langs die Renosters verby geloop wat ons skuins geloer het. O ja het darem ook die Buffels in enkel gelid sien marseer, seker so 40 wat nogal oulik was.

Luther die gids was heel aangenaam, het sy werk effektief gedoen sonder enige werklike iets spesiaals. Miskien was hy net dors en honger, het die hele naweek gestap sonder water en kos.

Maar nou, ja, klaarblyklik word hul so opgelei.

Dit in n neutedop was my ondervinding van die naweek.
Uitstekend en baie lekker.”

Marli Toerien voeg by : “
Ons het elke dag dieselfde gids; Luther, gehad. Hy was stiptelik optyd, al het ons nie heeltemal saamgestem oor die tyd wat ons wou begin nie. ‘n Kompromie is bereik en daar is Saterdag en Sondag 08:30 begin stap. Die inligting wat hy deurgegee het was interessant maar hy kon bietjie meer inligting verskaf het. Ons het Luther moeg gestap en was die saterdag middag al voor 3 by Protea Hut. Al twee hutte het water gehad en was skoon met oorgenoeg hout.

Johan het hut 1 se bunk bed se bo deel gebreek. Ons vermoed die plank het natgeword en gevrot en toe die oggend besluit hy is nou klaar met die lewe en val in. Gelukkig het Wilna met haar voete aan daai kant geslaap en is nie beseer in die voorval nie.

Ons het baie diere gesien en is gelukkig nie deur ‘n buffel gejaag nie. Diere wat ons gesien het was: elande, springbokke, buffels, renosters, blesbokke, jakkalse, zebras, swart wildebeeste en ‘n nonnetjiesuil.”

Nomades het direk by Rietvleidam bespreek wat onder stad Tshwane se natuurbewaring val.

**Finansies:**

```
Gelde in: R2280
  R300x4Lede en
  R270x4Nie-Lede : R2280
Gelde Uit: R2116
  Stad Tshwane R250x8 : R2000
  Vuur-aanstekers     : R16
  Fooitjie vir Gids   : R100
Projek Surplus : R164
```

Groete
***Marius Stander***
MariusStanderPTA@gmail.com
Vir Nomades Voetslaanklub.
Sien www.nomades.co.za
vir die klub se jaarprogram, kontakinligting, en nog verslae van roetes wat ons gedoen het.